

1. FORMAAT VAN DIE EKSAMEN

Die G214 eksamen bestaan uit vier afdelings:

Afdeling 1	78 punte	60 minute	Optiese Mineralogie
Afdeling 2	16 punte	30 minute	Klassifikasie van Stollingsgesteentes
Afdeling 3	40 punte	50 minute	Mineralogie and Petrologie
Afdeling 4	26 punte	40 minute	Saamsit van feite en die groter prentjie
TOTAAL	160 Punte	3 uur	

Afdeling 1 het twee vrae. In Afdeling 3 moet jy 4 uit die 6 vrae antwoord. Afdelings 2 en 4 het een vraag elk. Jy sal 'n sakrekenaar moet saambring na die eksamen, maar geen programmeerbare sakrekenaars word toegelaat nie.

2. GOEIE RAAD VIR ENIGE EKSAMEN!

1. Nadat jy die vraag gelees het, maak kort notas oor die struktuur van jou antwoord. Dit sal jou help om toepaslike antwoorde neer te skryf en om nie tyd af te staan aan die herskryf van swak antwoorde nie.

2. Moenie 'n klomp oorbodige informasie by jou antwoord invoeg nie. Dit laat dit voorkom asof jy nie seker oor die antwoord was nie en maar gehoop het deur soveel moontlik te skryf, jy iewers iets sal reg hê. Geen eksaminator hou van so 'n antwoord nie.

3. Indien jy nie die antwoord weet nie, probeer 'n ander vraag. Moenie tyd mors deur te tob oor antwoorde nie. Dit is moontlik dat 'n latere vraag dalk jou geheue kan verfris.

4. Voeg diagramme en sketse in waar moontlik, maar onthou om ook elemente soos skaal, opskrifte en byskrifte, legendes, noord-pyltjies, onderskrifte ens. in te sluit.

5. Dit is aanvaarbaar om jou eksamen-antwoorde in punt vorm te skryf. Dit kan 'n meer effektiewe manier van kommunikasie wees en sodoende kan meer informasie vinniger weergegee word. Daar sal dus ook minder kans wees om nonsens paragrawe te skryf.

6. Lees altyd weer deur jou antwoord om seker te maak dat dit sin maak. Wat jy dink jy het geskryf en wat jy wel geskryf het, kan heelwat verskil. DIT IS BAIE BELANGRIK.

7. Maak seker dat jy alle aspekte van die vraag beantwoord het. As die vraag byvoorbeeld vereis dat jy pleochroïsme, dubbelbreking, uitdowingshoek en reliëf van 'n spesifieke mineraal beskryf, moet jy seker maak dat jy elk van die vier punte wel in jou antwoord het.

3. WAT OM TE STUDEER?

Hieronder is 'n sinopse van die kursus wat al die materiaal insluit wat moontlik in die eksamen gevra kan word. Materiaal wat nie hieronder gelys is nie, sal nie in die eksamen voorkom nie. Indien u onseker is, kom vra my asseblief, maar let daarop om nie die werk te los tot net 'n paar dae voor die eksamen nie, aangesien ek moontlik nie gedurende daardie tyd beskikbaar sal wees nie.

- Eienskappe van lig in minerale met spesifieke verwysing na die eienskappe wat belangrik is vir mineraal identifikasie, bv. vertraging, dubbelbreking, pleochroïsme en uitdowing. Definisies is belangrik.
- Die verskille tussen isotrope en anisotrope minerale in terme van optiese eienskappe en watter mineraalklasse is isotroop en watter is anisotroop.
 - Verskillende tipes een-assige en twee-assige interferensie figure en wat 'n interferensie figuur verteenwoordig, insluitende kennis aangaande die optiese indikatriks.
 - Die verskillende optiese eienskappe van die hoof minerale en mineraalgroepe waarna in die praktiese sessies gekyk is.
 - Klassifikasie van stollingsgesteentes deur gebruik te maak van die IUGS diagramme.
- Gesteentename gebaseer op bostaande klassifikasie sisteme, sowel as heelrots geochemiese en mineralogiese samestellingsverskille tussen belangrike rotstipes.
 - Eienskappe van die oseaankors, belangrike rotstipes en hul mineralogiese samestelling en alterasie van die oseaankors.
 - Vorming van sikliese eenhede in gelaagde stollingsintrusies met spesifieke verwysing van die Bosveld Kompleks en die mineralogiese en teksturele veranderinge wat in die gelaagde intrusie voorkom.
 - Eienskappe van verskillende vulkaantipes en die faktore wat uitbarstingsstyl beïnvloed.

- Mineralogie en tekstuur van verskillende stollings- en metamorfe gesteentes, insluitende samestellingsvariasies in minerale met vaste oplossing in verskillende gesteente-tipes en die rol van die fasereël in stollings- en metamorfe gesteentes.
- Die verskille tussen prograad, piek en retrograad metamorfisme in terme van mineraal samestellings en teksture wat vorm. Die fasies en isograad konsepte in metamorfisme, insluitende die eienskappe van verskillende fasies en die rol van druk, temperatuur en fluïdes in die aandrywing van metamorfisme.
- Metamorfisme van peliete, veral ten opsigte van prograad Barroviaanse styl metamorfisme en variasies daarvan. Belangrike mineralogiese veranderinge wat plaasvind.
- Metamorfisme van blouskiste en eklogiete, veral ten opsigte van mineraalontwikkeling en die invloed van die pre-subduksie geskiedenis van die oseaankors.